# KRINGE EN RYE

# Deel 3 – Die Waarde van Diensbaarheid

## Afskop

**Wat het die afgelope week in jou lewe gebeur wat jy graag met jou groep sal wil deel, of waarvoor jy gebed nodig het?**

## Vrae vir Bespreking:

Werk deur al hierdie vrae VOOR julle Kleingroep byeenkoms. Dit help jou voorberei vir julle byeenkoms sodat julle 'n sinvolle bespreking kan hê. Skryf jou antwoorde neer. Julle gaan nie noodwendig al die vrae bespreek nie en ook nie noodwendig dit in die volgorde hanteer nie.

**Bestudeer Johannes 13:1-17.**

**Wat in hierdie gedeelte staan vir jou uit? Hoekom**

# Hoekom moet/kan/wil ons Dien?

**As jy dink oor jou gesindheid om te dien, dien jy oor jy moet, kan of wil? Hoekom?**

**Redes vir hoekom ons die voorreg het om te dien is**

- **Liefde vir God – Matteus 22:37-40 ; Josua 22:5**
- **Gehoorsaamheid aan God – Matteus 28:18-20 ; 2 Korintiërs 5:14-15**
- **Voorbeeld wees van God – 1 Johannes 2:6 ; Efesiërs 5:1-2**

**Watter een van hierdie redes is een waarin jy die Here kan vertrou om meer van Sy hart vir jou te openbaar as motivering vir jou volgende stap?**

# Die Waarde van Diensbaarheid

- **Ervaring van God se familie – Romeine 12:4-5 ; Efesiërs 5:15-16**
- **Intimiteit met God en sy familie – Proverbs 3:5-6**
- **Deurbraak/Seën – Lukas 5:1-11**

**Watter van hierdie waardes het jy beleef deur diensbaarheid?**

**Wat is moontlik 'n volgende stap vir jou in jou verhouding met Jesus**

- Is dit Ontdek?
- Is dit om in 'n Kleingroep betrokke te raak?
- Is dit om iewers te begin dien?

## Gebed en Omgee

*Sluit julle tyd af deur gebedsversoeke met mekaar te deel. Indien iemand in die groep kan uithelp met die behoefte of uitdaging is dit goed. Bid saam vir mekaar en vir mekaar se behoeftes waaraan die groep nie verandering kan bring nie.*

**Jy is welkom om van julle groep se gebedsversoeke neer te skryf sodat jy verder deur die week daaroor kan bid:**

## Neem 'n Volgende Stap

*Hierdie gedeelte is vir na julle groepsbyeenkoms sodat jy in jou eie hart kan vasmaak en gehoorsaam kan wees aan wat die Heilige Gees vir jou in julle bespreking openbaar het. Sit 'n tydjie na julle groepstyd uit sodat jy kan nadink oor julle bespreking en tyd saam.*

**As jy terugdink oor julle groepstyd en julle bespreking, wat het vir jou uitgestaan? Wat verstaan jy beter? Wat kan jy met iemand deel? Waaroor moet jy nog bietjie nadink? Wat ervaar jy druk die Heilige Gees op jou hart om in hierdie week te doen? Neem 'n oomblik en dink na oor julle byeenkoms en skryf iets neer wat jy wil vasmaak in jou eie hart.**